**MidCric (voorheen BevCric)**

MidCric is krieket vir die graad RR (o. 5), graad R (o. 6) en graad 1 (o. 7) spelers van die skool. Dit word met kriekettoerusting gespeel, en elke speler kry die geleentheid om te kolf, te boul en veldwerk te doen. Die grootte van die velde verskil afhangend van die ouderdomsgroep. By MidCric val die klem op die ontwikkeling van die spelers se vaardighede en 'n liefde vir krieket vanaf 'n baie jong ouderdom. Die oefensessies word onder leiding van Nico Martin deur CBC-krieket bestuur. Tydens hierdie sessies word die spelers as 'n span afgerig, maar individuele vaardighede soos kolfwerk, boulwerk en veldwerk word ook beklemtoon. Dit is dus baie belangrik dat hierdie oefeninge getrou bygewoon word. 'n Span kan nie oefen tensy al die spelers teenwoordig is nie.